LA RHONE LIMOUSINS

DESEMBER 2008

VEILING EN KOPERS

Veels geluk aan die volgende kopers tydens Swartland Veiling: **Dr Friedel & Louise Mulke** – Hul bedryf 'n stoet by George en se- lekteer slegs die beste genetika. Verder beskik hul tans oor 'n versameling van semenstrooitjies wat seker die beste in die land is. Ons sien saam met hul uit na die nuwe generasie FM kalwers. **John & Tracey Devonport** – Hul sukses in die besigheidswêreld is alom bekend, so ook in die stoetbedryf. Voormalige stoetteler van die jaar en baanbrekers vir die Limousin. We salute you! **Ludwig & Annari Claassen** – Tans die grootste Limousinteler in SA. Met hul en hul seuns se entoesiasme en passie vir die ras gaan daar nog baie wenners uit die Joluza Stoet wees. **Tol & Ann Krynauw** – ons groot vriende wat gereeld inloer se Krylim Stoet het tans baie goeie genetika en maak groot vordering. **Piet Coetzee** – Bekende afslaer en stoetteler van Namibië. Wat 'n voorreg om van ons beste diere oor die grens te kon stuur en nuwe vriende te kon maak. Ons kopers van kommersiële bulle, **Erhard Buhr** en **Roy Orchard**, het die regte keuse gemaak en sien uit na hul pragkalwers!

Baie dankie ook aan al ons ou vriende wat kom ondersteun het, asook nuwe vriende soos die Starkes van Stellenbosch.

Ons het baie moeite gedoen om van ons beste diere te selekteer en is trots om hulle te kon aanbied aan selektiewe kopers. Mag hulle die goeie eienskappe waarvoor ons ons beywer in jul kuddes oordra. Nogmaals geluk en baie dankie vir almal se ondersteuning en belangstelling.

SWARTLAND SKOU – MOORREESBURG 2008

Die Limousins het weer eens bewys dat hierdie ras van ons net meer van alles het as enige ander vleisras. Ons het slegs ons veilingdiere en vir Dodge vertoon en daarin geslaag om met Dodge die Senior Interras bul en met Eden die Junior Interras bul te wen, asook die gesogte Goue Beker vir die derde agtereenvolgende jaar! Eden is op die veiling verkoop aan Ludwig Claassen van Standerton. Talle belangstellendes, waaronder 'n Franse toergroep het ons stalle besoek. Baie dankie ook aan al ons medetelers wat die dag na die AJV ingeruim het om die beoordeling by te woon. Ons waardeer jul belangstelling en het dit geniet om saam met julle te kuier. Baie dankie ook aan Warrie Cilliers wat die beoordeling op 'n baie professionele wyse waargeneem het.

BULLE VIR 2009

18 maande oue bulle tydens ekstensiewe veldtoetse met geen byvoeding

Ons het tans ‘n baie belowende groep jong bulle in die veld. Hulle ouderdomme wissel van 12 – 26 maande. Van hierdie bulle gaan in die stoet gebruik word waarna hulle voorberei sal word vir die Nasionale Veiling en Swartland Veiling, beide in September 2009. Wees op die uitkyk vir die volgende bulle : LR0641 Fernando (FN0210), LR0653 4x4 (Navire), LR0646 Fuji (FN0210), LR074 Ghandi (Jacre Cobra), LR0710 Ghost (Leadwood Gatgai), LR0714 Genius (Gatgai), LR0721 Great Day (FN0210), LR0722 Gemini (Dodge se eerste bulkalf), en nog vele meer.

Daar sal ook van ons top vroulike diere op een of albei van hierdie veilings beskikbaar wees. Beproefde drie in een koeie asook dragtige verse sal weer van die bestes in ons stoet insluit. Top kommersiële bulle wat gereed is vir gebruik is nou beskikbaar uit bekende bulle soos FN0210, Leadwood Gatgai, Penmick MR0147, Euremis, ens. Alle bulle se teelwaardes is beskikbaar, terwyl sommige die fase C toets by Wes-Kaap Bul Toetssentrum te Elsenburg voltooi het. Die jong bulle van 12 maande lyk ook ongelooflik goed en ons hou hul vordering met groot belangstelling dop.

DIE PAD VORENTOE

Ons eerste KI kalwers van Sauvignon word vroeg in Januarie verwag. Gaan gerus na Google en voer in Limousin bull Sauvignon. Die resultate spreek vanself. Sy eienaars, die Crawford broers van Noord-Ierland, beplan ook ‘n besoek aan ons vroeg in 2009.

Ons het ‘n baie aangename besoek van Piet Coetzee en Jaco de Beer, stoettelers van Namibië gehad. Tot laat in die aand idees uitgeruil, beeste gekyk en onder die besef gekom dat die entoesiasme vir ons ras sterk is in die mooi wêreld van Suidwes. Ons hoop om baie meer van julle wonderlike mense te ontmoet in die jaar wat voorlê.

Die genepoel van ons jong verse wat nou vir die eerste maal moet kalf en gedek moet word, sluit in nageslag van FN0210, Gatgai, MR0147, Grahams Samson, Navire, asook DK0330, Dodge en Escape. Ons doelwit is om ‘n goeie balans van teelwaardes en visuele eienskappe te handhaaf deur die gebruik van nuwe en beproefde genetika ten einde aan ons kopers se hoë standaarde te voldoen.

ALGEMEEN

Ons is trots op die toekenning as naaswenner in die Breedplan kompetisie vir Limousin Teler van die Jaar wat tydens ‘n glansgeleentheid in Bloemfontein oorhandig is.

Die terugvoering van ons kliënte is vir ons belangrik en dis altyd lekker om van julle te hoor. Ons sukses hang immers af van julle sukses met ons genetika. Skakel ons gerus of kom maak te enige tyd ‘n draai op La Rhone.

Aan Dr Kevin Robertson, rasdirekteur, baie welkom. Onder sy leiding is die Limousin besig om nuwe hoogtes te bereik met talle nuwe lede wat aangesluit het.

Welkom aan nuwe kliënte, Wouter Bester van Durbanville en Jacques Bestbier van Langebaan wat kommersiële bulle aangeskaf het. Geluk met die regte keuse!

Aan een en almal ‘n baie Geseënde Kerstyd en ‘n wonderlike 2009. Ons wens jul goeie oeste, goeie winste in die besigheid en baie vet Limousin kalwers toe!

Andre, Trudene & AJ du Toit
Sel : 082 787 9207, e-mail: larhone@obiekwa.co.za

www.larhone.co.za